



Maak dit Regtig Saak wat Ander Mense Dink?

Die antwoord is nie eenvoudig nie. Uit sommige Bybeltekste kan mens aflei dat dit nie saak maak nie. Uit ander weer, dat dit wel saak maak.

Byvoorbeeld, Jesus het ons gewaarsku: *“Ellende wag vir julle as al die mense van julle goed praat”* (Lukas 6:26). En sy eie vyande het gemerk dat Hy nie onnodig begaan was oor wat ander mense dink nie:

“Meester, ons weet dat u opreg is en u aan niemand steur nie, want u neem nie die aansien van persone in aanmerking nie, maar onderrig die weg van God waarheidsgetrou.”

(Markus 12:14 - 'n Direkte Vertaling)

Paulus sê dat, as hy sou probeer om mense tevrede te stel, hy nie langer 'n dienaar van God sou wees nie:

“Klink dit nou asof ek die guns van mense soek, of soek ek die guns van God? Probeer ek by mense in die guns kom? As ek steeds nog die guns van mense soek sou ek geen dienaar van Christus wees nie.”

(Galasiërs 1:10)

“Nee, God het ons gekeur en die evangelie aan ons toevertrou, en so verkondig ons dit dan ook. Ons wil nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag, Hy wat ons diepste gedagtes toets.”

(1 Tessalonisense 2:4)

Aan die ander kant sê Spreuke 22:1: *“'n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud.”* En dit was vir Paulus baie belangrik dat hy nie verdink word daarvan dat hy geld wat vir die armes bestem is, wanadministreer nie: *“Op hierdie manier voorkom ons dat enigiemand ons dalk sou verdink in verband met so 'n groot som geld wat ons moet wegbring. Ons is daarop gesteld om korrek op te tree, nie alleen voor die Here nie, maar ook voor die mense”* (2 Korintiërs 8:20-21). Dit was belangrik wat mense gedink het. Hy het die gelowiges in Rome geleer: *“Ons wat sterk is in die geloof, is verplig om ... nie onself te behaag nie. Laat elkeen van ons sy medemens behaag met die oog op wat vir hom goed is en hom kan opbou”* (Romeine 15:1-2). En hy het geleer dat een van die vereistes vir 'n ouderling is dat hy *“onberispelik”* (1 Timoteus 3:2) moet wees, ook in die oë van ongelowiges: *“Ook by die mense buite die gemeente moet hy as 'n goeie man bekend staan, sodat daar nie praatjies oor hom ontstaan en hy in 'n strik van die duiwel val nie”* (1 Timoteus 3:7).

Op dieselfde manier beveel Petrus ons om versigtig te wees wat buitelanders van ons dink:

“Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.”

(1 Petrus 2:12)

Die vraag is: Hoe verklaar ons die teenstrydigheid tussen hierdie twee groepe tekste? Die antwoord is: Deur te beseft dat dit ons lewensdoel is om *“Christus te verheerlik in lewe en in sterwe”* (Filippense 1:20). Met ander woorde, saam met Paulus is dit vir ons belangrik – baie belangrik – wat ander van Christus dink. Hul redding hang af van wat hulle van Christus dink. En ons leefwyse moet die waarheid en vorstelike prag van sy lewe vertoon. Daarom moet ons omgee wat andere van ons as verteenwoordigers van Christus dink. Die liefde vereis dit van ons.

Maar let op waar die klem val: Nie op ons eiewaarde of ons voortreflikheid of ons deugszaamheid of ons geesteskrag of ons wysheid nie. Dit val daarop of Christus geëer word deur dit wat mense van ons dink. Maak ons Christus groot deur die manier waarop ons leef? Dit moet vir ons saak maak of dit wel die geval is.

Let ook op die beslissende onderskeid: die “lakmoespapier”- toets waardeur aan die lig moet kom of ons getrou die waarheid en vorstelike prag van Christus in ons lewens vertoon, is nie die dunk wat andere van ons het nie. Ons wil hê dat hulle Christus in ons sal sien en Hom sal liefhê, en daarom, tussen hakies, ons optrede ook sal goedkeur. Maar ons weet dat hulle blind mag wees vir die waarheid omtrent Christus en Hom mag weerstaan. Daarom mag hulle van ons dieselfde dink as wat hulle van Hom dink. “As hulle die hoof van die huis die skeldnaam Beëlsebul gegee het, sal hulle dan nie sy huisgenote met baie erger name uitskel nie?” (Matteus 10:25). Jesus wou hê dat mense Hom aanbid en op Hom vertrou. Maar Hy het nie ontrou geword aan Homself om hulle goedkeuring te verkry nie. Ons mag ook nie.

Ja, ons wil graag hê dat mense ons met goedkeuring bejeën wanneer ons wys dat Jesus oneindig baie vir ons beteken, maar ons durf nie ander mense se goeddunke die maatstaf vir ons getrouheid maak nie. Hulle mag geestelik blind wees en die waarheid weerstaan. In daardie geval sal die beskuldigings wat ons moet verduur, geen sweem dra van ons ontrou of gebrek aan liefde vir Hom nie.

Mag God ons die wysheid en liefde en moed gee om vas te hou aan Christus as ons hoogste skat, sowel wanneer ons guns geniet as wanneer ons in onguns raak.

John Piper

© 2016

www.christelikemedia.org

Hierdie artikel is vertaal deur Charlotte Roestorff